## ANGLISISMES

(L.W. nie alfabeties nie)

Hierop moet attent gemaak word: onder die Engelse sinne sal baie plattaal aangetref word. **Hierdie sinne is opsetlik ingevoeg omdat baie kinders,** nie alleenlik in **Engels** nie, maar tegelykertyd **in plattaal dink en dan letterlik probeer vertaal.** Om hierdie moeilikheid op te los word dergelike Engelse uitdrukkinge ook aangegee.

Eintlik is hier geen anglisismes nie maar die korrekte vertaling van Engelse sinne wat dikwels anglisisties vertaal word.

| | |
|---|---|
| After work he goes home. | **Na sy** werk gaan hy huis toe. |
| We were asked out yesterday. | Ons is gister **uitgenooi (oorgevra).** |
| We worked all day. | Ons het **die hele dag** gewerk. |
| What is your age? | **Hoe oud is jy?** |
| Who gave him away? | Wie het hom **verklap (verraai)?** |
| He gave himself away. | Hy **het iets laat blyk.**<br>Hy **het self die aap uit die mou gelaat.** |
| Please answer the bell. | **Kyk wie lui daar.** |
| He asked if I wished to go. | Hy het gevra **of** ek wou gaan. |
| Come and see me tomorrow. | Kom my more **besoek.** |
| He is very anxious to go. | Hy is baie **gretig (begerig)** om te gaan. |
| I cannot see any difference. | Ek **kan geen verskil vind nie.** |
| She asked many friends for tea. | Sy het baie vriende **uitgenooi om te kom tee drink (op die tee gevra).** |
| There were at least seven people. | Daar was **minstens** sewe mense. |
| As you know, I was ill. | **Soos** jy weet, was ek siek. |
| The man became rich. | Die man het ryk **geword.** |
| They went for a bathe. | Hulle het **gaan swem (baai).** |
| I bought it at Barlow's. | Ek het dit by **Barlow** gekoop. |
| He broke his journey at Cradock. | Hy het sy reis op Cradock **onderbreek.** |
| I broke the news to him. | Ek het hom die tyding **meegedeel** |
| Can you break a pound note? | Kan jy 'n pondnoot **kleinmaak?** |
| The boy's voice is breaking | Die seun se stem **wissel.** |
| School breaks up tomorrow. | Die skool **sluit** more. |
| He broke himself of the habit. | Hy het die gewoonte **afgeleer.** |
| He brought in a new rule. | Hy het 'n nuwe reël **ingevoer.** |
| Juta's brought out a new book. | **Juta** het 'n nuwe boek **uitgegee.** |
| He brought up his children well. | Hy het sy kinders goed **opgevoed.** |

| | |
|---|---|
| He brought down two guinea-fowls. | Hy het twee tarentale **neergehaal.** |
| The man was brought up for murder. | Die man is **op aanklag van moord voor die hof gebring.** |
| They brought out a good report. | Hulle het 'n goeie rapport (verslag) **ingedien.** |
| The boy was sitting by himself. | Die seun het **alleen** gesit. |
| You had better turn back. | Jy moet **maar liewer** omdraai. |
| By three o'clock he was tired. | **Teen** drie-uur was hy moeg. |
| He booked his seat. | Hy het sy sitplek **bespreek.** |
| I am in his bad books. | Ek **staan in 'n slegte blaadjie by hom.** |
| If I do that, I shall be better off. | As ek dit doen, **sal dit vir my beter wees. (sal ek daar beter aan toe wees.)** |
| Be so good as to close the door. | Wees so goed om die deur toe te maak. |
| She burst out into tears. | Sy het **bitterlik begin huil.** |
| You are in the same boat as I. | Jy **verkeer in dieselfde omstandighede as ek. (Ons vaar in dieselfde skuitjie).** |
| Multiply six by seven. | Vermenigvuldig ses **met** sewe. |
| Divide thirty five by five. | Deel vyf-en-dertig **deur** vyf. |
| By this time I was very tired. | **Teen** dié tyd was ek baie moeg. |
| I counted them one by one. | Ek het hulle een **vir** een getel. |
| John is by far the cleverer. | Jan is **verreweg** die slimste. |
| I believe that it is true. | Ek **meen** dat dit waar is. |
| Did you catch the joke? | Het jy die grap **verstaan? (gesnap).** |
| I'll catch you up just now. | Ek sal jou netnou **inhaal.** |
| I had to catch the bus at seven. | Ek moes die bus om sewe-uur **haal.** |
| He caught a severe cold. | Hy **het** 'n kwaai kou **gevat.** |
| You will catch measles, if you go there. | Jy sal masels **opdoen (kry)** sa jy daarheen gaan. |
| I did not catch your meaning. | **Ek het jou bedoeling nie begryp nie.** |
| I caught him in a lie. | Ek het hom **op 'n leuen betrap.** |
| The results came out yesterday. | Die uitslae het gister **verskyn.** |
| He had to change at Rosmead. | Hy moes op Rosmead **oorstap.** |
| What do you call that? | Wat (hoe) **noem** jy dit? |
| The police caught two coloured people. | Die polisie het twee **kleurlinge** gevang. |
| At our school sports he won two cups. | Met die **skool-sportbyeenkoms** het hy twee **bekers** gewen. |
| The native killed him in cold blood. | Die kaffer het hom **koelbloedig** doodgemaak. |
| That boy comes of rich parents. | Daardie seun **stam van ryk ouers af. (het ryk ouers)** |
| When he came to himself again, it was dark. | Toe hy weer **bykom,** was dit donker. |
| His dream came true. | Sy droom het waar **geword.** |

| | |
|---|---|
| Yes, but where do I come in? | Ja, maar **waar bly ek? Wat van my**? |
| It came in very useful. | Dit het baie goed **te pas gekom.** |
| After I had spoken to him, he calmed down. | **Na** ek met hom gepraat het, het hy **bedaar.** |
| When is the magazine coming out? | Wanneer **verskyn** die tydskrif? |
| That will do, thank you. | **Dis genoeg,** dankie. |
| That will do for a bandage. | Dit sal **deug (gaan)** vir 'n verband. |
| He always talks behind my back. | Hy praat gedurig **agteraf. (skinder gedurig van my)** |
| No, that won't do. | Nee, dit sal nie **gaan** nie. |
| The thief had to do time. | Die dief **moes sy tyd uitsit (is in die tronk gestop).** |
| Mother is still doing her hair. | Moeder **maak** nog haar hare **op.** |
| I can do you these apples very cheaply. | Ek kan u hierdie appels **goedkoop laat kry.** |
| He is always doing mischief. | Hy **vang** gedurig kattekwaad **aan.** |
| You will have to do without it. | Jy sal **daarsonder moet klaarkom.** |
| He did away with his bicycle. | Hy het sy fiets **van die hand gesit.** |
| Next week father wants to do up the house. | Aanstaande week wil vader die huis **opknap.** |
| Will you do up that parcel please? | Sal jy asseblief daardie pakkie **toedraai?** |
| What do you do for a living? | **Hoe vind (maak) jy 'n bestaan?** |
| The man did me out of a shilling. | Die man het my met 'n sjieling **verneuk (gekul).** |
| What are you doing here? | Wat **soek** jy hier? |
| Bats sleep by day. | Vlermuise slaap **in die dag (bedags).** |
| To this day I don't know his name. | **Tot vandag toe** ken ek nog nie sy naam nie. |
| He arrived the day before yesterday. | Hy het **eergister** aangekom. |
| We shall leave the day after tomorrow. | Ons sal **oormore** vertrek. |
| One day I saw a large mamba. | **Eendag** het ek 'n groot mamba gesien. |
| What is the date today? | **Die hoeveelste is dit** vandag? |
| We are dealing at that shop now. | Ons **koop** nou by daardie winkel. |
| I helped him to draw up a letter. | Ek het hom gehelp om 'n brief **op te stel.** |
| I drove our motor. | Ek het ons motor **bestuur.** |
| We enjoyed ourselves on the beach. | Ons het **die tyd aan die strand geniet.** |
| We all fell asleep. | Ons het almal aan die slaap **geraak.** |
| The two boys had a fall out. | Die twee seuns **het rusie gemaak (gekry).** |

| | |
|---|---|
| John had a terrible fall. | Jan het **vreeslik hard geval.** |
| His brother fell in the last war. | Sy broer het in die vorige oorlog **gesneuwel.** |
| Tomorrow the holidays will be finished. | More sal die vakansie **verby (om)** wees. |
| All his money was finished. | Al sy geld was **gedaan (op).** |
| After the race he was finished. | Na die wedren was hy **stokflou.** |
| Next year I shall be finished with school. | **Aanstaande jaar sal my skooldae verby wees.** |
| I told him his fortune. | Ek het hom **goed die waarheid vertel.** |
| He is too funny for words. | Hy is **vreselik grappig.** |
| It's not for me to say what you must do. | **Dit pas my nie** om te sê wat jy moet doen nie. |
| You can keep it for hours, for years or for life. | Jy kan dit **urelank, jarelank** of **lewenslank** hou. |
| For all I care you needn't come. | **Vir my part** hoef jy nie te kom nie. |
| He looked for his hat. | Hy het na sy hoed gesoek. |
| He made a fool of himself. | Hy **het hom bespotlik (gek) gedra.** |
| You will have to put your best foot forward. | Jy sal **jou beste beentjie moet voorsit.** |
| He worked for a small fee. | Hy het om (vir) 'n geringe **loon** gewerk. |
| We sent for the doctor. | Ons het die dokter **ingeroep.** |
| In Durban you can buy it for less. | In Durban kan jy dit **teen** minder koop. |
| He had to wait for a chance. | Hy moes wag **op** 'n kans. |
| For this reason I could not come. | **Om** hierdie rede kon ek nie kom nie. |
| He asked me for the time. | Hy het my gevra **hoe laat dit is.** |
| He asked me for a match. | Hy het my **om** 'n vuurhoutjie gevra. |
| Why do you give in so quickly? | Hoekom **gee jy dit so gou op**? |
| There were few grown-ups. | Daar was min **volwassenes.** |
| He got ill on the farm. | Hy het siek **geword** op die plaas. |
| He got a big fright. | Hy **het groot geskrik.** |
| He got funny with me. | Hy **het skoor gesoek.** |
| I soon got him on the phone. | Ek het hom gou **opgebel.** |
| I got my knife and cut off a branch. | Ek het my mes **uitgehaal** en 'n tak afgesny. |
| I got my hat and went. | Ek het my hoed **geneem** en geloop. |
| Who got the highest marks? | Wie het die hoogste **punte behaal**? |
| How did you get into his good books? | Hoe **het jy dit reggekry om in 'n goeie blaadjie by hom te kom? (om hom op jou hand te kry)?** |

| | |
|---|---|
| You must not get your feet wet. | Jy moet nie jou voete **laat nat word** nie. |
| We soon got up speed. | Ons het gou **spoed behaal.** |
| We got up a picnic (concert etc.). | Ons het 'n piekniek (konsert, ens.) **gereël (op tou gesit).** |
| He nearly got the better of me. | Hy het byna **die oorhand gekry.** |
| It won't take long to get ready. | Dit sal nie lank neem **om klaar te maak** nie. |
| He got the worst of it. | Hy het **die slegste daarvan afgekom.** |
| We grew up in Natal. | Ons het in Natal **groot geword.** |
| He is good with his tongue. | Hy is **nie op sy mond geval nie.** |
| He goes in for tennis. | Hy **lê hom op tennis toe.** |
| The clock goes every half an hour. | Die oorlosie **slaan** elke halfuur. |
| He has gone to tennis. | Hy het **gaan tennis speel.** |
| He could not get the sum out. | Hy kon die som nie **regkry** nie. |
| His father goes in for fowls. | Sy vader **boer** met hoenders. |
| The story goes that he stole the money. | **Dit word gesê** dat hy die geld gesteel het. |
| He will not go unpunished. | Hy sal nie ongestraf **bly** nie. |
| Who goes there? | Wie **loop** daar? **Werda?** |
| Let us go halves. | **Kom ons deel dit om die helfte.** |
| He gave me a ring. | Hy het my **opgebel.** |
| There goes the phone. | Daar **lui** die telefoon. |
| He gave a dance. | Hy het 'n **dansparty** gegee. |
| You must give your attention to this. | Jy moet **oplet hierna (jou aandag hieraan wy).** |
| His strength gave out. | Hy **het uitgeput geraak. Sy kragte het hom begewe.** |
| He gave out that he was going away. | Hy het **bekend gemaak (te kenne gegee)** dat hy weggaan. |
| Somebody gave the game away. | Iemand het **verklap.** |
| His brother-in-law grows apples. | Sy swaer **kweek** appels. |
| We were there in good time. | Ons was **betyds** daar. |
| What is the good of it? | Wat **baat** dit? Wat **help** dit? |
| We returned at half past six. | Ons het **om halfsewe** teruggekeer. |
| Will you have a cup of tea? | Sal jy 'n koppie tee **neem (drink)?** |
| On the other hand I really should go. | Aan die ander **kant** behoort ek te gaan. |
| John has his hands full nowadays. | Jan het **teenswoordig** baie om te doen. |
| Hands up! | **Hensop! Steek jou hande op!** |
| We handed in our books. | Ons het ons boeke **ingelewer.** |
| Give me a hand please. | **Sit asseblief hand by.** |
| It was a hard fight. | Dit was 'n **hewige** geveg. |
| It was a hard winter. | Dit was 'n **kwaai** winter. |
| It went hard with him. | Dit het **sleg** met hom gegaan. |
| Those were hard times. | Dit was **kommervolle (swaar) tye.** |
| He is a hard drinker. | Hy drink **kwaai.** |
| Hard lines, old pal. | **Jammer,** ou maat. |

| | |
|---|---|
| He was very hard-up. | Hy was **platsak.** |
| It was hard on him. | Dit was **moeilik vir** hom. |
| He was a hard master. | Hy was 'n **strenge** baas. |
| Mealies are high. | Mielies is **op prys.** |
| He lost his head when the car ran away with him. | Hy **het nie sy positiewe bymekaar gehou** (Hy **het deur die wind geraak)** toe die motor sy eie koers gevat het nie. |
| He went off his head. | Hy het **mal geword.** |
| We ate some oranges at halftime. | **Met die pouse** het ons lemoene geëet. |
| I hate doing this work. | **Ek het 'n afkeer van** hierdie werk. |
| He is in the habit of reading in bed. | **Hy het die gewoonte** om in die bed te lees. |
| You've got a hope. | **Jy sal lekker lag. Daar kom dadels van.** |
| The questions were hard. | Die vrae was **moeilik.** |
| I could not help myself; I had to say it. | Ek kon **my nie bedwing nie; (kon daar niks aan doen nie);** ek moes dit sê. |
| I could not help laughing. | Ek **moes eenvoudig lag.** |
| It cannot be helped. | **Daar is niks aan te doen nie. Dit kon nie verhelp word nie.** |
| They had it out after school. | Hulle het dit **na skool uitgespook.** |
| The river was in flood. | Die rivier was **vol.** |
| He broke a by-law. | Hy het 'n **stadswet** oortree. |
| Come in. | Kom **binne.** |
| He was in form. | Hy was **op stryk.** |
| He is, in other words, a low fellow. | Hy is **met** ander woorde, 'n lae vent. |
| In one place he says something else. | **Op** een plek sê hy iets anders. |
| He said it in public. | Hy het dit **in die openbaar** gesê. |
| In short, it was a nice holiday. | **Kortom,** dit was 'n aangename vakansie. |
| He gave me the money in cash. | Hy het my **die kontant** gegee. |
| I'll know in a week. | Ek sal dit **oor** 'n week weet. |
| See, the boat is in. | **Kyk,** die skip **het aangekom (binnegeloop).** |
| Now you are in for it. | Nou is jy **vas (gaan jy dit hotagter kry).** |
| Do it in this way. | Doen dit **op** hierdie manier. |
| Which candidate is in? | Watter kandidaat is **verkies?** |
| In most cases that is true. | In **die** meeste gevalle is dit waar. |
| He has not got it in him. | Hy **is nie die een daarvoor nie.** |
| Is your mother in? | Is jou moeder **tuis?** |
| The boys were kicking up a noise. | Die seuns het 'n lawaai **gemaak.** |
| He kept his promise. | Hy het sy belofte **nagekom.** |
| The boys were kept in. | Die seuns is na skool gehou. |

| | |
|---|---|
| He ran for all he knew. | Hy het **baie vinnig (so al wat hy kan)** gehardloop. |
| He was knocked over by a car. | Hy is **deur die motor omgery.** |
| The boy was knocked over and killed. | Die seun is **doodgery.** |
| Then we swam for the last time. | **Toe** het ons vir die laaste keer geswem. |
| He came back last week. | Hy het **verlede** week teruggekom. |
| He wrote an essay of thirty lines. | **Sy opstel het dertig reëls beslaan.** |
| He likes to go riding. | Hy **hou daarvan om te gaan ry (gaan graag ry).** |
| The boy likes his bicycle. | Die seun **hou van** sy fiets. |
| How does he make a living? | Hoe **vind (maak) hy 'n bestaan**? |
| The nurse-girl looked after the baby. | Die kindermeid het die babetjie **opgepas.** |
| The room was well lit up. | Die kamer was goed **verlig.** |
| Have you done your lines? | Het jy jou **reëls uitgeskryf**? |
| He missed the chance of his life. | Hy **het die beste kans van sy lewe laat verbygaan.** |
| Do it on the same lines. | Doen dit **op dieselfde manier.** |
| Don't be long. | **Moenie lank wegbly nie.** |
| I'll do it, as long as you tell nobody. | Ek sal dit doen, **mits (as)** jy dit vir niemand vertel nie. |
| All the windows looked north. | Al die vensters **het op die noorde uitgekyk.** |
| He looked up the meaning of the word. | Hy het die betekenis van die woord **opgesoek (opgeslaan).** |
| I looked up my old friend. | Ek het my ou vriend **opgesoek.** |
| We looked forward to the holidays. | Ons het **uitgesien** na die vakansie. |
| I looked in at John's. | Ek het by Jan **aangegaan.** |
| The trees stood in a line. | Die bome het **in 'n ry** gestaan. |
| The people stood in a queue. | Die mense het **tougestaan.** |
| The train ran off the line. | Die trein het **ontspoor.** |
| He left school last year. | Hy het die skool **verlede** jaar **verlaat.** |
| They left at eight this morning. | Hulle het vanmore om agtuur **vertrek.** |
| He left his book at home. | Hy het sy boek tuis **vergeet.** |
| He would not leave me alone. | Hy wou my nie **met rus** laat nie. |
| He gave me a terrible look. | Hy het my **baie kwaai aangekyk.** |
| Have you heard the latest news? | Het jy die **jongste** nuus gehoor? |
| The man lost his way. | Die man **het verdwaal.** |
| I would simply love to go. | Ek sou **baie graag wil gaan.** |
| The maid laid the table. | Die **meid (diensmeisie)** het die tafel **gedek.** |
| The native boy laid the fire. | Die **kaffer** het die vuur **aangelê.** |
| He lost the train. | Hy het die trein **nie gehaal nie (gemis).** |
| The boy lost his temper. | Die seun **het kwaad geword.** |
| He looked about in the class. | Hy het **rondgekyk** in die klas. |

| | |
|---|---|
| What do you mean? | Wat **bedoel** jy? |
| What does the word mean? | Wat **beteken** die woord? |
| I meant it well by John. | Ek het dit goed gemeen **met** Jan. |
| Do you mean to tell me that you are seventeen? | **Beweer jy (Wil jy vir my sê)** dat jy sewentien is? |
| Just a minute please. | **Wag bietjie** asseblief. |
| He travels at twenty miles per hour. | Hy ry **teen** twintig **myl** per uur. |
| I hurt myself when I fell. | Ek het **my** seergemaak toe ek geval het. |
| Most of the time he talks nonsense. | Hy praat gewoonlik **toet (kaf).** |
| The more the better. | **Hoe** meer, **hoe** beter. |
| Mark my words. | **Let op** my woorde. |
| He marked down the prices. | Hy het die pryse **verlaag.** |
| Now you are near the mark. | Nou is jy naby die **waarheid.** |
| That is more or less true. | Dit is **min of meer** waar. |
| I made the cards. | Ek het die kaarte **geskommel.** |
| We made good time back. | Ons **het die terugreis in kort tyd afgelê.** |
| He made much of his dog. | Hy het **'n ophef** van sy hond gemaak. |
| The two nations made peace. | Die twee nasies het vrede **gesluit.** |
| He made a speech. | Hy het 'n toespraak **gehou.** |
| He made out a list. | Hy het 'n lys **opgestel.** |
| He made out my account. | Hy het my rekening **uitgeskryf.** |
| We made up for lost time. | Ons het die verlore tyd **ingehaal.** |
| The chemist made up the medicine. | Die apteker het die medisyne **aangemaak.** |
| The two boys made up their quarrel. | Die twee seuns **het weer goeie vriende geword.** |
| He made up the story. | Hy het die storie **versin.** |
| Twice five makes ten. | Tweemaal vyf **is** tien. |
| He made away with all his fowls. | Hy het al sy hoenders **van die hand gesit.** |
| I could not make him out. | Ek kon hom nie **begryp** nie. |
| He could not make up his mind. | Hy kon nie **besluit** nie. |
| He made the most of his chance. | Hy **het die meeste voordeel probeer trek uit (beste gebruik gemaak van) die kans.** |
| He wanted to make me believe that. | Hy wou **my dit wysmaak.** |
| How do you make that out? | Hoe **kom jy daaraan?** |
| I can't make him out. | Ek kan hom nie **wys word (begryp)** nie. |
| What time do you make it? | **Hoe laat het jy dit?** |
| What make of a car is that? | Watter **soort** kar is dit? |
| He made his mark. | Hy **het hom onderskei.** |
| He made a mistake. | Hy het 'n fout **begaan.** |
| It made me laugh. | Dit het my **laat lag kry.** |
| He made a good meal. | Hy **het goed geëet.** |
| The man in the street won't believe it. | Die **gewone man** sal dit nie glo nie. |

| | |
|---|---|
| They met with an accident. | Hulle het 'n ongeluk **oorgekom (gekry; gehad).** |
| I met him at the station. | Ek het hom op die stasie **afgehaal.** |
| He missed the road. | Hy het **verdwaal.** |
| He missed the bird. | Hy het die voël **misgeskiet.** |
| He missed the ball. | Hy het die bal **misgeslaan (misgeskop, misgevang,** ens.). |
| He does not know his own mind. | Hy weet self nie **wat hy wil hê nie.** |
| We had a nice time. | Ons **het dit baie geniet.** |
| He called me names. | Hy **het my uitgeskel.** |
| He rolls in money. | Hy **swem in die geld.** |
| He is out of money. | Hy is **platsak.** |
| She fell off the chair. | Sy het **van die stoel afgeval.** |
| He made me an offer. | Hy het my **'n aanbod gedoen (gemaak),** |
| She comes every other day. | Sy kom **al om die ander dag.** |
| I saw him the other day. | Ek het hom **onlangs (nou die ander dag)** gesien. |
| Don't overdo it. | **Moet dit nie oordryf nie.** |
| The city of London lies on the Thames. | **Die stad Londen lê aan die Teems.** |
| We waited for the others. | Ons het vir die **ander** gewag. |
| He went on business. | Hy het **vir sake** gegaan. |
| What is on in the bioscope tonight? | Wat **vertoon hulle** vanaand in die bioskoop? |
| On the whole he is not too bad. | **Oor die algemeen** is hy nie te sleg nie. |
| Is he on the phone? | **Is hy telefonies verbind? Het hy 'n telefoon?** |
| He is a man of good education. | Hy is **'n goedgeleerde man.** |
| Today I have the day off. | Vandag **het ek vry.** |
| We have many books on hand. | Ons het baie boeke **in voorraad.** |
| On the way I saw many sheep. | **Onderweg** het ek baie skape gesien. |
| On that occasion he told me about it. | **By** daardie geleentheid het hy my daarvan vertel. |
| He told me on my arrival. | Hy het my **by** my aankoms daarvan vertel. |
| He went on a holiday. | Hy het **met** vakansie gegaan. |
| My watch is out of order. | My oorlosie is **stukkend.** |
| He ordered me to do it. | Hy het my **beveel** om dit te doen. |
| He ordered the meal. | Hy het die meel **bestel.** |
| You are not far out. | Jy is **nie ver verkeerd nie.** Jy **het dit nie ver mis nie.** |
| He is out of work. | Hy is **sonder** werk. |
| It's all over with him. | Dis **klaarpraat** met hom. |
| They live on fish. | Hulle leef **van** vis. |
| In my opinion that is wrong. | **Na** my mening is dit verkeerd. |
| He spent much money on it. | Hy het baie geld daaraan **bestee.** |

| | |
|---|---|
| How do you spend your time? | Hoe **bring jy jou tyd deur?** |
| The dance is off. | Die dansparty is **(uit-) afgestel.** |
| I for one won't go. | **Ek vir my** sal nie gaan nie. |
| I only pulled his leg. | Ek **het hom maar net vir die gek gehou (gepla).** |
| I'll put a stop to this. | Ek sal **'n end hieraan maak.** |
| He put it in writing. | Hy het dit **op skrif gestel.** |
| He put money into the business. | Hy het geld in die saak **gesteek.** |
| He put money on the horse. | Hy het op die perd **gewed.** |
| Put out your hand. | **Steek** jou hand uit. |
| He put himself out. | Hy het **moeite gedoen.** |
| He put his prices up. | Hy het die pryse **verhoog.** |
| It was put up for sale. | Dit is **te koop aangebied.** |
| Put back the long hand of the watch. | **Stoot** die lang **wyser** van die oorlosie terug. |
| I had to put off my visit. | Ek moes my besoek **uitstel.** |
| Put on your coat (shoes, shirt, dress, stockings, socks, trousers). | **Trek aan** jou baadjie (skoene, hemp, rok, kouse, sokkies, broek). |
| Put on your collar. | **Sit** jou boordjie **om.** |
| He put out his money. | Hy het sy geld **belê.** |
| Put on the light (wireless). | **Slaan** die lig (draadloos) **aan.** |
| Put off the light (wireless, electric stove, refrigerator). | **Slaan** die lig (draadloos, elektriese stoof, yskas) **af.** |
| Put out the candle (lamp). | **Blaas** die kers (lamp) **dood.** |
| He put in a claim. | Hy het 'n eis **ingestel.** |
| He put in for leave. | Hy het **om verlof gevra (aansoek gedoen).** |
| Put in a good word for me. | **Doen** vir my 'n goeie **woordjie.** |
| I hope I shall not put you out. | Ek vertrou dat ek jou **geen ongerief sal veroorsaak nie.** |
| Put your watch right. | **Stel** jou oorlosie **reg.** |
| Give me a piece of string. | Gee my 'n **toutjie.** |
| We put them up for the night. | Ons het hulle vir die nag **slaapplek gegee.** |
| He picked up measles. | Hy het masels **opgedoen (gekry),** |
| He picked up Afrikaans. | Hy het Afrikaans **aangeleer.** |
| The papers were easy. | Die **vraestelle** was maklik. |
| He played his part well. | Hy het sy **rol** goed gespeel. |
| I wanted to please you. | Ek wou jou 'n **plesier aandoen.** |
| The car has no good points. | Die motor het geen goeie **eienskappe** nie. |
| That is not his strong point. | Hy **munt nie daarin uit nie.** |
| You must make a point of it. | Jy **moet dit vir jou ten doel stel (jou daarop toelê).** |
| I put him in his place. | Ek het hom **die waarheid vertel.** |
| He is wearing a pair of white trousers. | Hy dra **'n wit broek.** |
| His name was in the paper. | Sy naam het in die **koerant** verskyn. |

| | |
|---|---|
| Lend me a pair of binoculars (scissors, spectacles). | Leen my **'n verkyker (skêr, bril).** |
| We waited on the platform, as the train was late. | Ons het op die **perron (platform)** gewag, **daar** die trein laat was. |
| He dit it purely and simply to annoy me. | Hy het dit **eenvoudig** gedoen om my te vererg. |
| Nobody takes my part. | Niemand **kies vir my party (kant)** nie. |
| What is the price of that? | Wat **kos dit?** |
| You put me through to the wrong number. | U het my **met die verkeerde nommer aangesluit.** |
| Pleased to meet you Mr. V. | **Aangename kennismaking** mnr. V. |
| We went for a ride (walk, swim). | Ons het **gaan ry** (loop, swem). |
| He rang me up. | Hy het my **opgebel (opgelui).** |
| He came round the corner. | Hy het **om** die hoek gekom. |
| Kindly remember me to your mother. | **Sê groete aan** jou moeder asb. |
| He rang off. | Hy het **afgebel (afgelui).** |
| He ran for his tram. | Hy het gehardloop **om sy trem te haal.** |
| You are right and he is wrong. | **Jy het gelyk en hy ongelyk.** |
| Why don't you tell the right thing? | Hoekom vertel jy nie die **waarheid** nie? |
| All right! | **Goed!** |
| Stop the car. | **Hou stil!** |
| Stop that! | **Hou op daarmee!** |
| He stopped work. | Hy het sy werk **gestaak.** |
| I'll stop his mouth. | Ek sal sy mond **snoer.** |
| The matter won't stop there. | Die saak sal nie daar **bly** nie. |
| He stopped the horse that ran away. | Hy het die perd wat weggehardloop het, **voorgekeer.** |
| He stopped the horse after riding for an hour. | Hy het die perd **tot stilstand gebring** nadat hy 'n uur lank gery het. |
| My watch has stopped. | My oorlosie het **gaan staan.** |
| Stop him from doing that. | **Belet** hom **om dit te doen.** |
| The car stopped at the stop-street. | Die motor het **tot stilstand gekom** by die stop straat. |
| He stands a good chance. | Hy **het** 'n goeie kans. |
| As the matter now stands, I'll have to go. | **Soos sake staan,** sal ek moet gaan. |
| He always stands first in his class. | Hy **is** altyd eerste in sy klas. |
| I can't stand him. | Ek kan hom nie **verdra** nie. |
| He is standing from Greytown. | He is **'n kandidaat vir Greytown (se verkiesing).** |
| I want to go and see him. | Ek wil hom gaan **besoek (spreek).** |
| May I see you for a minute? | Kan ek u 'n oomblikkie **spreek**? |
| See that it is done. | **Sorg** dat dit gedoen word. |
| He will never see that day. | Hy sal nooit daardie dag **belewe** nie. |

| | |
|---|---|
| I had to see the doctor. | Ek moes die dokter **raadpleeg.** |
| I saw him home. | Ek het hom **huis toe vergesel.** |
| I see from the paper that it is dry. | Ek **lees** in die **koerant** dat dit droog is. |
| He went to the bottle store. | Hy het na die **drankwinkel** gegaan. |
| He had no say in the matter. | Hy het geen **seggenskap** in die saak gehad nie. |
| He sank a well. | Hy het 'n put **gedelf (gegrawe).** |
| It was a sight. | Dit was **pragtig (aaklig) om te sien.** |
| I am sorry. | **Dit spyt my.** |
| We spent a nice holiday. | Ons het 'n aangename vakansie **deurgebring.** |
| I had to see to dinner. | Ek moes **vir die middagete (aandete) sorg.** |
| His best days are over. | Sy beste dae is **agter die rug (verby).** |
| It's all the same to me. | Dis vir my **om 't ewe.** |
| Her sister sits on her. | Haar suster **vat haar kort.** |
| He sat for his portrait. | Hy het vir sy portret **poseer.** |
| Have you a spare bed? | Het jy 'n **orige** bed? |
| He did it in his spare time. | Hy het dit in sy **vry** tyd gedoen. |
| He slept in the spare room. | Hy het in die **vrykamer** geslaap. |
| He took off the spare wheel. | Hy het die **noodwiel** afgehaal. |
| He could not buy any spare parts. | Hy kon geen **onderdele** koop nie. |
| He was tired and so was his friend | .Hy was moeg **en sy vriend ook.** |
| We go seldom if ever. | Ons gaan selde of **nooit.** |
| He is on sick leave. | Hy **het siekteverlof.** |
| The questions were stiff. | Die vrae was **moeilik.** |
| He sets a good example. | Hy **stel** 'n goeie voorbeeld. |
| He sat for his matric. | Hy **het die matrikulasie-eksamen geskryf.** |
| I saw him to the door. | Ek het hom na die deur **begelei (vergesel).** |
| He sat out many dances. | Hy het vir baie danse **bly sit.** |
| You carry on so long. | **Hou jy maar aan. Gaan jy maar intussen voort.** |
| What's up? | Wat **makeer**? Wat **skeel jou**? |
| What's up with him? | Wat **makeer hom**? |
| Time is up. | Die tyd is **om.** |
| We did it under an hour. | Ons het dit **binne** 'n uur gedoen. |
| We took the necessary steps. | Ons het die nodige stappe **gedoen.** |
| He took it easy. | Hy het dit maklik **opgeneem.** |
| We took a boat at Cape Town. | Ons het in Kaapstad **aan boord gegaan (gestap).** |
| He takes after his father. | Hy **aard na** sy vader. |
| Take down these notes. | **Skryf** hierdie aantekeninge af. |
| We took a long journey. | Ons het 'n lange reis **onderneem.** |
| We took him for a drive. | Ons het **gaan ry met hom.** |

| | |
|---|---|
| Take your time. | **Moenie haastig wees nie.** |
| He took the number of our car. | Hy **het** die nommer van ons motor **afgeskryf.** |
| It took a long time. | Dit **het lank geduur.** |
| His hobby takes much of his time. | Sy stokperdjie **neem** baie van sy tyd **in beslag.** |
| He has taken up tennis. | He **speel nou tennis.** |
| He was taken up with the car. | Hy was **ingenome** met die motor. |
| We were just in time. | Ons was net **betyds (op tyd).** |
| Who is top? | Wie is **eerste**? |
| Father sits at the top of the table. | Vader sit **aan die hoof** van die tafel. |
| Have you waited all the time? | Het jy **nog altyd** gewag? |
| He did it for the first time. | Hy het dit vir die eerste **keer** gedoen. |
| We kept time with our feet. | Ons het met ons voete **die maat gehou.** |
| I waited for a time. | Ek het 'n **rukkie** gewag. |
| We were finished in no time. | Ons was **in 'n kits** klaar. |
| We all arrived at the same time. | Ons het almal **gelyktydig** aangekom. |
| We were in good time for the train. | Ons was **goed op tyd om die trein te haal.** |
| What is the time? | **Hoe laat is dit?** |
| We had a lovely time. | Ons **het dit baie geniet.** |
| I'll give you a nice time. | Ek **sal dit vir jou aangenaam maak.** |
| Time is money. | Tyd **kos** geld. |
| At what time is he coming? | **Hoe laat** kom hy? |
| At one time we had no hope for him. | **Daar was 'n tyd toe ons die hoop opgegee het dat hy sal gesond word.** |
| He turned up at four. | Hy het om vieruur **opgedaag.** |
| He took six subjects. | Hy het ses vakke **geleer (geskryf).** |
| He took his degree. | Hy het sy graad **behaal.** |
| He took off his hat (tie, collar). | Hy het sy hoed **afgehaal** (das, boordjie). |
| He took off his coat (shoes, stockings, trousers, shirt). | Hy het sy baajie (skoene, kouse, broek, hemp) **uitgetrek.** |
| The sooner the better. | **Hoe eerder, hoe beter.** |
| He turned out a man. | Hy het 'n man **geword.** |
| Everything turned out well. | Alles **het goed afgeloop.** |
| The day turned out badly. | Dit **het 'n slegte dag geword.** |
| I have no time for him. | Ek **kan hom nie verdra nie.** |
| Ten to one he won't come. | **Een teen tien** kom hy nie. |
| In time he will improve. | **Met verloop van tyd** sal hy verbeter. |
| It took a long time. | **Dit het lank geduur.** |
| They threw open the doors at eight. | Hulle het die deure om agtuur **oopgestel.** |

| | |
|---|---|
| You and I will go. | **Ek en jy** sal gaan. |
| He is cross with me. | Hy is kwaad **vir** my. |
| Come this weekend. | Kom hierdie **naweek.** |
| He was hurt. | Hy **is** beseer. |
| His feelings were hurt. | Sy gevoelens is **gekwets.** |
| You are a real white man. | Jy is **'n gawe kêrel.** |
| There were only two white men. | Daar was net twee **blankes.** |
| He was born in Cape Town. | Hy **is** in Kaapstad gebore. |
| He is well up in Afrikaans. | Hy **kan goed Afrikaans praat.** |
| I went for him. | Ek **het hom ingeklim.** |
| He went down on his knees. | Hy **het** op sy knieë **geval.** |
| The peaches went bad. | Die perskes het **bederf.** |
| He went in for the exam. | Hy het die eksamen **geskryf.** |
| What are you laughing at? | **Waaroor** lag jy? |
| The mines were not worked. | Die myne is nie **ontgin** nie. |
| He knows what's what. | Hy **is ouer as tien.** |
| It makes my mouth water. | Dit **laat my watertand.** |
| You don't know how well off you are. | Jy besef nie hoe **gelukkig** jy is nie. |
| He arrived with no hat. | Hy het **sonder 'n hoed** aangekom. |
| I have no change with me. | Ek het geen kleingeld **by** my nie. |
| My watch gains. | My oorlosie **loop voor.** |
| My watch is fast. | My oorlosie is **voor.** |
| My watch is slow. | My oorlosie is **agter.** |
| My watch loses time. | My oorlosie **loop agter.** |
| My watch has stopped. | My oorlosie het **gaan staan.** |
| Wake up. | **Word wakker.** |
| I woke him up. | Ek het hom **wakker gemaak.** |
| I woke up at six. | Ek het om sesuur **wakker geword.** |
| The car hit the tree. | Die motor **het met die boom gebots.** |
| The children are going on terribly in the room. | Die kinders **gaan** vreeslik te **kere** in die kamer. |
| The boy is showing off. | Die seun **spog.** |
| Let me alone. | Laat my **met rus.** |
| I saw him just the other day. | Ek het hom **nou onlangs** gesien. |
| His plans fell through. | Sy planne het **in duie geval.** |

# BAIE WOORDE DEUR EEN WOORD VERVANG

## (a) Name van Persone

(L.W. Sommige vroulike vorme word tussen hakies aangegee)

'n Persoon wat kinders op skool leer, is 'n **onderwyser (onderwyseres).**
'n Persoon wat 'n winkel het, is 'n **winkelier.**
'n Persoon wat die sterre bestudeer, is 'n **sterrekundige** of **astronoom.**
'n Persoon wat reukwerk maak of verkoop, is 'n **parfumeur.**
'n Persoon wat bandiete oppas, is 'n **sipier** of **tronkbewaarder.**
'n Persoon wat die kaartjies op die trein ondersoek, is 'n **kaartjiesondersoeker.**
'n Persoon wat in dieselfde klas as jy is, is jou **klasmaat** of **klasgenoot.**
'n Persoon wat kwaaddoen, is 'n **kwaaddoener.**
'n Persoon wat sonder werk is, is 'n **werklose.**
'n Kind wat nie ouers het nie, is 'n **weeskind.**
'n Persoon wat wild skiet, is 'n **jagter** of **wildskut.**
'n Persoon wat foto's neem, is 'n **fotograaf.**
'n Persoon wat in 'n motor sit, is 'n **insittende.**
'n Persoon wat aan tafel sit, is 'n **aangesetene.**
'n Persoon wat rondry om firmas te verteenwoordig, is 'n **handelsreisigers.**
'n Persoon wat groot brugge, damme, ens. bou, is 'n **ingenieur.**
'n Persoon wat met lood en pype werk, is 'n **loodgieter.**
'n Persoon wat diere bestudeer, is 'n **soöloog** of **dierkundige.**
'n Persoon wat boeke skryf, is 'n **outeur** of **skrywer.**
'n Persoon wat die geldelike sake van 'n vereniging waarneem, is die **tesourier** of **penningmeester.**
'n Persoon aan wie geld verskuldig is, is 'n **skuldeiser.**
'n Persoon wat geld aan ander skuld, is 'n **skuldenaar.**
'n Persoon wat die skuld vir iets gegee word, is 'n **beskuldigde.**
'n Persoon wat oorloop na die vyand toe, is 'n **verraaier** of **renegaat** of **oorloper.**
'n Persoon wat gedurig net oor een onderwerp praat, is 'n **dweper** of **monomaan.**
'n Persoon wat 'n saak of ander persoon verlaat, is 'n **afvallige, droster** of **deserteur.**
'n Persoon wat Gods woord aan die barbare verkondig, is 'n **evangelis** of **sendeling.**
'n Persoon wat nie sterk drank gebruik nie, is 'n **afskaffer** of **geheelonthouer.**
'n Persoon wat met vakansie gaan, is 'n **vakansieganger.**
Die persoon wat verantwoordelik is vir die opvoering van 'n toneelstuk, is die **regisseur.**
'n Persoon wat motors, meubels, fietse, ens. maak, is 'n **fabrikant.**

'n Persoon wat sleutels en slotte maak, is 'n **slotmaker.**

'n Persoon wat mense onthoof, is 'n **beul.**

'n Persoon wat jy ken, is 'n **kennis.**

'n Persoon wat na 'n prokureur gaan om raad, is sy **kliënt.**

'n Persoon wat jou in 'n kafee of op 'n trein met voedsel en drank bedien, is 'n **kelner(in).**

'n Persoon wat huise optrek, is 'n **boumeester** of **kontrakteur** of **aannemer.**

'n Persoon wat 'n saak in die hooggeregshof verhoor, is 'n **regter.**

'n Persoon wat 'n saak in die laer hof verhoor, is 'n **magistraat.**

'n Persoon wat iets in die strate verkoop, is 'n **smous, venter** of **marskramer.**

'n Persoon wie se vrou dood is, is 'n **wewenaar.**

'n Persoon wat medisyne, poeier, salf, ens. verkoop is 'n **apteker** of **drogis.**

'n Persoon wat op troue staan, is 'n **bruid** of **bruidegom.**

Die persoon wat die kollekte insamel in die kerk, is 'n **diaken.**

'n Persoon wat perde beslaan, is 'n **hoefsmid.**

'n Dame wat baie ligte hare het, is 'n **blondine.**

'n Persoon wat 'n vliegtuig bestuur, is 'n **vlieër** of **vlieënier (vliegenier)**

'n Persoon wat goed opveil op 'n vandisie, is 'n **afslaer, vandisiemeester** of **vendu-afslaer.**

'n Persoon wat baie goed kan swem, is 'n **baasswemmer.**

'n Persoon wat blomme in 'n winkel verkoop, is 'n **bloemis.**

'n Persoon wat dinge uit jou sakke steel, is 'n **sakkeroller.**

'n Persoon wat nie aan God glo nie, is 'n **ateïs** of **godloënaar.**

'n Persoon wat nie kan lees of skryf nie, is 'n **analfabeet** of **ongeletterde**

'n Persoon wat twee vrouens het, is 'n **bigamis.**

'n Persoon by wie mense geld kan gaan leen, is 'n **geldskieter.**

'n Persoon wat wag hou terwyl die ander slaap, is 'n **wag** of **brandwag.**

'n Persoon wat 'n dag- of weekloon kry, is 'n **loontrekker.**

'n Persoon wat sy eie lewe beskryf, is 'n **outobiograaf.**

'n Persoon wat 'n petisie indien, is 'n **petisionaris.**

'n Persoon wat nie aan oorlog glo nie, is 'n **pasifis.**

'n Persoon wat 'n ander se lewe beskryf, is 'n **biograaf** of **lewensbeskrywer.**

'n Persoon wat te voet loop, is 'n **voetganger.**

'n Persoon wat anders is as wat hy hom voorgee, is 'n **huigelaar.**

'n Persoon wat geld gee aan 'n fonds, is 'n **donateur.**

Die persoon wat aan jou motor werk in 'n garage, is 'n **werktuigkundige.**

'n Persoon wat baie vir sy medemens doen, is 'n **filantroop.**

'n Persoon wat 'n salaris trek, is 'n **gesalarieerde.**

'n Persoon wat bagasie rondstoot op die stasie, is 'n **kruier.**

'n Persoon wat telegramme aflewer, is 'n **telegrambesteller.**

'n Persoon wat doelloos rondstap en geen werk wil doen nie, is 'n **leegloper, rondloper** of **skooier.**

'n Persoon wat deur die oorlog gedwing is om sy eie land te verlaat, is 'n **uitgewekene.**

'n Persoon wat maak asof 'n pop of ander dinge praat, terwyl hy dit self doen, is 'n **buikspreker.**

'n Persoon wat die kans gryp sodra dit kom, is 'n **opportunis.**
'n Persoon wat diefstal pleeg uit 'n ander se geskrewe werk, is 'n **letterdief** of **plagiaris.**
'n Persoon wat deur skielike rykdom bokant sy eie stand uitgegroei het, is 'n **parvenu.**
'n Persoon wat klokke bespeel, is 'n **beiaardier.**
'n Persoon wat boedelsake in orde bring, is 'n **beredderaar.**
'n Persoon wat by resitasies of toneelspel voorsê, is 'n **souffleur.**
'n Persoon wat stukke uit die daaglikse lewe skilder, is 'n **genreskilder.**
'n Persoon wat hom van mense afsonder en alleen woon, is 'n **kluisenaar.**
'n Persoon wat geskiedkundige bronne naspoor en ondersoek, is 'n **geskiedvorser.**
'n Persoon wat by 'n gesant gevoeg is om in die diplomasie opgelei te word, is 'n **attaché.**
'n Persoon wat op awonture uitgaan, is 'n **awonturier.**
'n Persoon wat persoonlik belangrike of dringende briewe of boodskappe moet aflewer, is 'n **koerier.**
'n Persoon wat vir die proviand in oorlogstyd sorg, is 'n **kwartiermeester.**
'n Persoon wat aan die Heilige Awendmaal (of Nagmaal) deelneem, is 'n **kommunikant.**
'n Persoon wat grappige rolle op die toneel speel, is 'n **komediant.**
'n Persoon wat sielsiekes dokter, is 'n **psigiater.**
'n Persoon wat die aard en eienskappe van die menslike siel bestudeer is 'n **psigoloog** of **sielkundige.**
'n Persoon wat die hoofamptenaar van 'n argief is, is 'n **argivaris.**
'n Persoon wat 'n indringende studie van die godsdiens gemaak het, is 'n **teoloog** of **godgeleerde.**
'n Persoon wat gestudeer het hoe om kinders op te voed, is 'n **pedagoog** of **opvoedkundige.**
'n Persoon wat meer as een vrou het, is 'n **poligamis.**
'n Persoon wat in verskeie gode glo, is 'n **politeïs.**
'n Persoon wat meer as een man het, is 'n **poliandris.**
'n Persoon wat met 'n valskerm neerdaal, is 'n **parachutis.**
'n Persoon wat deur selfstudie kennis opgedoen het, is 'n **outodidak.**
'n Persoon wat op grond van gewetensbesware nie soldaat wil word nie, is 'n **gewetensbeswaarde.**
'n Persoon wat 'n pensioen ontvang, is 'n **pensionaris.**
'n Persoon wat sy eie vak baie goed ken, is 'n **deskundige.**
'n Persoon wat sabotasie pleeg, is 'n **saboteur.**
'n Persoon wat 'n vors of regering verteenwoordig, is 'n **afgesant** of 'n **ambassadeur.**
'n Persoon wat van 'n volmag voorsien is om namens 'n ander op te tree, is 'n **plenipotensiaris** of **gevolmagtigde.**
'n Persoon wat deur iemand beskerm word, is 'n **protége** of **beskermling.**
'n Persoon wat propaganda maak vir 'n saak, is 'n **propagandis.**
'n Persoon wat sy doktorsgraad sal behaal, is 'n **promovendus.**
'n Persoon wat met 'n stok visvang, is 'n **hengelaar.**
'n Persoon wat aalmoese amptelik uitdeel, is 'n **aalmoesenier.**

'n Persoon wat aan 'n twisgeskrif deelneem, is 'n **polemikus.**

'n Persoon wat lelik is, is 'n **lelikerd.**

'n Persoon wat goedere of ware aan 'n ander lewer of besorg, is 'n **leweransier.**

'n Persoon wat wiskunde baie goed bestudeer het, is 'n **matematikus** of **wiskundige.**

'n Persoon aan wie 'n mandaat gegee is, is 'n **mandataris.**

'n Persoon wat vir die eerste keer voor die publiek optree, is 'n **debutant.**

'n Persoon wat regeringloosheid voorstaan, is 'n **anargis.**

'n Persoon wat liggame ontleed, is 'n **anatoom** of **ontleedkundige.**

'n Persoon wat afvallig word van die regsinnige Christelike godsdiens, is 'n **ketter.**

'n Persoon wat baie ryk en invloedryk is, is 'n **magnaat.**

'n Persoon wat hom in alle lande en stede tuis voel, is 'n **kosmopoliet.**

'n Persoon wat die natuurlike lewensverskynsels van die mens en die dier bestudeer, is 'n **fisioloog.**

'n Persoon wat die oorsprong van tale en woorde bestudeer, is 'n **filoloog.**

'n Persoon wat altyd vir die belange van naturelle opkom, is 'n **negrofiel.**

'n Persoon wat nader verklaar of uitlê — mondeling of skriftelik — is 'n **kommentator.**

'n Persoon wat baie van boeke hou, is 'n **bibliofiel.**

'n Persoon wat boeke goed ken of beskryf, is 'n **bibliograaf.**

'n Persoon wat spiere vryf, is 'n **masseur (masseuse).**

'n Persoon wat oudhede verkoop, is 'n **antikwaar.**

## (b) Name van plekke

Die plek waar beeste, skape, ens. op 'n dorp geslag word, noem ons 'n **abattoir** of die **slagpale.**

Die plek waar goedere bewaar word op 'n stasie, noem ons 'n **loods.**

Die plek waar predikante opgelei word, noem ons 'n **kweekskool.**

Die plek waar lyke veras word, noem ons 'n **krematorium.**

Die plek waar 'n lig vertoon word om skepe naby die kus te waarsku, noem ons 'n **vuurtoring.**

Die plek waar skepe gebou word, noem ons 'n **skeepswerf.**

Die plek waar baie oorlogstuig bymekaar gebring is, noem ons 'n **opslagplek.**

Die plek waar treine op en af gerangeer word, noem ons 'n **spoorwegwerf.**

Die plek waar baie bye in byekorwe aangehou word, noem ons 'n **byehok** of **byehuis.**

Die plek waar vrugtebome geënt en verkoop word, noem ons 'n **kwekery.**

Die plek waar gewere en ammunisie gebêre word, noem ons 'n **arsenaal** of **wapenhuis.**

Die plek waar velle tot leer bewerk word, noem ons 'n **looiery.**

Die plek waar allerlei volksvermaaklikhede en byvertonings gevind word, noem ons 'n **kermis.**

Die wisselkantoor van die telefoonstelsel noem ons die **sentrale.**
Die fabriek waar elektrisiteit gemaak word, noem ons 'n **sentrale.**
Die plek waar mense ingeskinkte drank gaan koop, noem ons 'n **kroeg.**
Die plek waar die kerkraad vergader, noem ons die **konsistorie.**
Die plek waar 'n wetenskaplike navorser of apteker werk, noem ons 'n **laboratorium.**
Die plek in 'n saal waar die gehoor sit, noem ons 'n **ouditorium.**
Die plek waarheen mense gestuur word as hulle gevaar loop om tering op te doen, noem ons 'n **preventorium.**
Die plek waar die predikant woon, noem ons 'n **pastorie.**
Die plek waar mynkaffers saambly, noem ons 'n **kampong** of **mynkamp.**
Die plek met 'n glasdak (soms deur Stoom verwarm) waar tingerige en gevoelige plantjies gekweek word, noem ons 'n **broeikas.**
Die plek (kamer) waar 'n skilder werk, noem ons 'n **atelier** of **ateljee.**
Die plek waar suiker skoongemaak word, noem ons 'n **raffinadery.**
Die plek waar visse vir besigtiging gehou word, noem ons 'n **akwarium.**
Die plek waar lyke voor 'n begrafnis gehou word, noem ons 'n **lykhuis.**
Die plek waar ou dokumente bewaar word, noem ons 'n **argief.**
Die plek waar geldstukke geslaan word, noem ons 'n **munt.**
Die plek waar vliegmasjiene gebêre word, noem ons 'n **hangar** of **(vliegtuig)loods.**
Die plek waar sterrekundiges hulle met waarnemings besig hou, noem ons 'n **sterrewag** of **observatorium.**
Die plek waarin twee vuisvegters kragte meet, noem ons 'n **boksperk** of **kryt.**
Die onderste vloer in 'n skouburg noem ons 'n **parterre.**
Die plek waar klein lenings op goed verkry kan word, noem ons 'n **lommerd** of **pandjieshuis (pandjieswinkel.)**
Die plek waar diamante bewerk word. noem ons 'n **diamantslypery.**
Die plek in 'n skip waar die lading weggebêre word, noem ons die **(skeeps)ruim.**
Die plek waar bagasie ondersoek word wanneer reisigers van 'n skip afklim, is 'n **doeanekantoor.**
Die plek waar aandele verhandel word, noem ons 'n **beurs** of **aandeelmark.**
Die plek waar Jode kerk hou, noem ons 'n **sinagoge.**
Die plek waarop allerhande toetse in verband met boerderymetodes onderneem word, noem ons 'n **proefplaas.**
Die plek waarheen kindermisdadigers gestuur word, noem ons 'n **verbeteringsgestig** of **verbeterhuis.**
Die plek waar brandewyn gemaak word, noem ons 'n **stokery** of **distilleerdery.**
Die plek waar doofstom mense opgelei word, noem ons 'n **doofstomme-inrigting.**
Die plek waar ou manne gehuisves en versorg word, noem ons 'n **oumannetehuis.** (Vir ou vrouens is dit 'n **ouvrouetehuis.**)
Die plek in 'n dorp (of stad) waar kaffers bier kan gaan koop, noem ons 'n **drinklokaal of bierhal.**
Die plek waar bier gemaak word, noem ons 'n **bierbrouery.**
Die plek waar babetjies bewaar word, noem ons 'n **crèche.**

Die plek waar musiek gedoseer word, noem ons 'n **konservatorium.**
Die plek waar troepe (rekrute, polisie, bewaarders, ens.) oefen en uitrus noem ons 'n **dépôt.**
Die plek waar klein kindertjies (2-6 jaar) skoolgaan, noem ons 'n **bewaarskool** of **kleuterskool.**

## (c) Byvoeglike naamwoorde

Werk wat deur die persoon self gedoen is, is **selfstandige** werk.
'n Voorval wat enig van sy soort is, is 'n **sonderlinge** voorval.
'n Versoek wat baie gou uitgevoer moet word, is 'n **dringende** versoek.
'n Persoon wat altyd die blink kant van die lewe raaksien, is 'n **optimistiese** persoon.
'n Plant wat in jou eie land tuis hoort, is 'n **inheemse** plant.
'n Vrou wat skoon en netjies is, is 'n **sindelike** vrou.
'n Betrekking wat net vir 'n rukkie duur, is 'n **tydelike** betrekking.
Diere wat nie kan praat nie, is **redelose** diere.
'n Stem wat mooi klink, is 'n **welluidende** stem.
Vertroue wat van albei kante kom, is **weersydse** vertroue.
'n Kaartjie wat gratis aan jou gestuur is, is 'n **komplimentêre** kaartjie.
'n Antwoord wat op meer as een manier opgevat kan word, is 'n **dubbelsinnige** antwoord.
'n Persoon wat werd is om te glo, is 'n **geloofwaardige** persoon.
'n Volk wat vry van 'n ander se beheer is, is 'n **onafhanklike** volk.
'n Praatjie waarna 'n mens moeg word om te luister, is 'n **vervelige** praatjie.
'n Geluid wat altyd dieselfde bly, is 'n **eentonige** geluid.
'n Persoon wat baie gou kwaad word, is 'n **opvlieënde, kortgebonde** of **kortgebakerde** persoon.
'n Werksman wat sy werk goed ken, is 'n **bedrewe** werksman.
Roem wat nie doodgaan nie, is **onsterflike** roem.
'n Streep wat regop is, is 'n **vertikale** streep.
'n Ding waarsonder jy nie kan klaarkom nie, is 'n **onontbeerlike** ding.
'n Streep waarvan elke punt dieselfde hoogte is, is 'n **horisontale** streep.
'n Seun wat hom nie kan gedra nie, is 'n **onmanierlike** of **onbeskofte** seun.
'n Persoon wat net aan homself dink, is 'n **selfsugtige** persoon.
'n Volk wat altyd net wil veg, is 'n **strydlustige (veglustige)** volk.
'n Persoon wat sy eie land lief het, is 'n **vaderlandsliewende** persoon.
'n Eksamen wat elke seun in die klas skrywe, is 'n **klassikale** eksamen.
'n Verhaal wat net in jou verbeelding plaasvind, is 'n **denkbeeldige** verhaal.
'n Verklaring wat onder eed afgelê is, is 'n **beëdigde** verklaring.
'n Maatreël wat aan sy doel beantwoord, is 'n **doeltreffende** maatreël.
'n Huis wat enige oomblik kan instort, is 'n **bouvallige** huis.
'n Mode wat uit 'n ander land ingevoer is, is 'n **uitheemse** mode.
'n Bewys wat nie omvergewerp kan word nie, is 'n **onomstootlike** bewys.
'n Daad wat nie ongedaan gemaak kan word nie, is 'n **onherroeplike** daad.

'n Berg wat vuur uitspoeg, is 'n **vuurspuwende** berg.
'n Leër wat gereed is vir die geveg, is 'n **slagvaardige** leër.
'n Seun wat gretig is om te leer, is 'n **leergierige** seun.
'n Gebrul wat jou die skrik op die lyf ja, is 'n **skrikaanjaende** gebrul.
'n Wyser wat jy in die donker kan sien, is 'n **lumineuse** of **liggewende** wyser.
'n Rekening wat al oor die betaaldag is, is 'n **agterstallige** rekening.
'n Moeilikheid wat jy nie kan oorkom nie, is 'n **onoorkoomlike** moeilikheid.
'n Dier wat baie lelik is om na te kyk, is 'n **onooglike** dier.
'n Voorwerp wat langer is as wat dit breed is, is 'n **langwerpige** voorwerp.
'n Persoon wat hulp nodig het, is 'n **hulpbehoewende** persoon.
'n Persoon wat altyd gereed is om ander te help, is 'n **hulpvaardige** persoon.
'n Jagter wat vir niks bang is nie, is 'n **onverskrokke** jagter.
'n Persoon wat dinge maklik glo, is 'n **liggelowige** persoon.
'n Ondersoek wat nie diepgaande is nie, is 'n **oppervlakkige** ondersoek.
'n Persoon wat graag vooruit wil kom, is 'n **ambisieuse** persoon.
Voedsel wat van plante afkomstig is, is 'n **plantaardige** voedsel.
'n Eetlus wat nooit genoeg kry nie, is 'n **onversadelike** of **onversadigbare** eetlus.
'n Daad wat groot opsien verwek het, is 'n **opsienbarende** daad.
'n Maatreël wat nie kan faal nie, is 'n **onfeilbare** maatreël.
Werk wat deur proefneming vasgestel is, is **proefondervindelike** werk.
'n Bediende op wie jy nie kan staatmaak nie, is 'n **onbetroubare** bediende.
'n Sondaar aan wie daar geen salf te smeer is nie, is 'n **verstokte** sondaar.
'n Bewys wat nie omvergewerp kan word nie, is 'n **onomstootlike** bewys.
'n Seun wat berou oor sy misdaad voel, is 'n **boetvaardige** seun.
'n Karakter wat nie beweeg kan word nie, is 'n **standvastige** of **onvermurfbare** karakter.
'n Stad waarin alle soorte nasies saamwoon, is 'n **kosmopolitiese** stad.
'n Sonde wat nie vergewe kan word nie, is 'n **onvergeeflike** sonde.
'n Posisie wat nie werd is om te beny nie, is 'n **onbenydenswaardige** posisie.
'n Persoon wat gedurig van opinie of gevoel verander, is 'n **wispelturige** persoon.
'n Vonnis wat nie uitgevoer hoef te word nie, is 'n **opgeskorte** vonnis.
'n Belangstelling wat nog nooit voorheen so groot gewees het nie, is 'n **ongeëwenaarde** belangstelling.
'n Vrede wat nie lank duur nie, is 'n **kortstondige** vrede.
'n Beleid wat geen deursig vertoon nie, is 'n **kortsigtige** beleid.
Weer wat kort-kort verander, is **ongestadige** weer.
'n Persoon wat graag sy besittinge met ander deel, is 'n **mededeelsame** persoon.
'n Persoon wat aan allerlei verbasingwekkende verskynsels glo, is 'n **bygelowige** persoon.
'n Bomwerper wat vier motore het, is 'n **viermotorige** bomwerper.

'n Dame wat blou oë het, is 'n **blou-ogige** dame.

'n Persoon wat altyd net verskonings wil maak, is 'n **apologetiese** persoon.

Eienskappe waarmee 'n mens gebore is, is **aangebore** eienskappe.

Blomme wat baie kleure het, is **veelkleurige** blomme.

'n Daad wat kritiek verdien, is 'n **laakbare** daad.

Diere wat nie mak gemaak kan word nie, is **ontembare** diere.

'n Kwaal wat nie genees kan word nie, is 'n **ongeneeslike** kwaal.

Krag wat groter as die van die mens is, is **bomenslike** krag.

Troepe wat met masjiene vervoer word en veg, is **gemechaniseerde** troepe.

'n Persoon wie se gevoelens maklik seergemaak word, is 'n **kwetsbare** of **gevoelige** persoon.

Geweervuur sonder tussenposes noem ons **onverpoosde** geweervuur.

'n Reg wat niemand jou kan ontneem nie, is 'n **onvervreembare** of **onaantasbare** reg.

'n Vyand met wie jy nie weer vriendskap kan herstel nie, is 'n **onversoenbare** of **onversoenlike** vyand.

Ywer wat nie moeg word nie, is **onvermoeide** of **onvermoeibare** ywer.

Vreugde wat nie onder woorde gebring kan word nie, is **onuitspreeklike** vreugde.

'n Noodlot wat nie verander kan word nie, is 'n **onverbiddelike** noodlot.

Die waarheid wat uitgespreek word sonder om doekies om te draai, is die **onbewimpelde** waarheid.

Gedrag wat sonder fout is, is **onberispelike** gedrag.

'n Mosie waarteen niemand beswaar maak nie, is 'n **onbestrede** mosie.

Dieptes wat nie gemeet kan word nie, is **onpeilbare** dieptes.

'n Feit wat nie weerlê kan word nie, is 'n **onweerlegbare** feit.

'n Geloof wat nie wankel nie, is 'n **onwrikbare** geloof.

'n Feit wat nie ontken kan word nie, is 'n **onloënbare** feit.

'n Seun met breë skouers is 'n **breedgeskouerde** seun.

'n Antwoord wat baie sê, is 'n **veelseggende** antwoord.

'n Boek wat net verskyn het, is 'n **pasverskene** boek.

'n Persoon wat dun lippe het, is 'n **dunlippige** persoon.

'n Boom wat bo plat is, is 'n **platgekruinde** boom.

'n Persoon met hier en daar 'n baardhaartjie, is 'n **ylgebaarde** persoon.

Voëls met wit vere is **witgepluimde** voëls.

## VERSAMELNAME

Blomme aanmekaar gebind is 'n **bos** blomme.

Berge wat langs mekaar lê, is 'n **reeks** berge.

Baie barbare wat aanval, is 'n **horde.**

Baie bokke (of skape) is 'n **trop** bokke.

Baie bome wat saam gekweek word, is 'n **plantasie.**

Baie bossies is 'n **klomp** of **plaat** bossies.

Baie brode wat saam gebak word, is 'n **baksel** brode.

'n Aantal bye is 'n **swerm** bye.
'n Aantal eiers wat 'n hen uitbroei, is 'n **broeisel** eiers.
Baie ganse is 'n **snater** ganse.
'n Boek met gedigte is 'n **bundel** gedigte.
'n Aantal kamers wat bymekaar hoort, is 'n **stel** kamers.
Baie kleinhondjies is 'n **nes** kleinhondjies.
'n Aantal mense wat saam sing, is 'n **koor.**
'n Aantal mense wat saamkom om iets te bespreek, hou **vergadering.**
Baie mense wat saam aan een kerk behoort, is 'n **gemeente.**
'n Aantal mense wat saam musiekinstrumente bespeel, is 'n **orkes.**
Baie mense bymekaar is 'n **menigte** of **skare.**
Baie mans wat saam gaan skiet bv., is 'n (jag)**geselskap.**
Die onderwysers van een skool is die **personeel.**
'n Aantal osse wat saam trek, is 'n **span.**
Baie pêrels saam ingeryg, is 'n **snoer.**
Baie posseëls is 'n **versameling** posseëls.
'n Aantal skote wat gelyk afgeskiet word, is 'n **sarsie** skote.
Baie soldate is 'n **leër, regiment, bataljon,** ens.
Baie sterre is 'n **heer** sterre.
Baie visse wat saam swem, is 'n **skool** visse.
'n Aantal varkies van dieselfde moeder en ouderdom is 'n **werpsel** varkies.
Baie skepe is 'n **vloot** skepe.
Baie skape is 'n **kudde (trop).**
Baie voëls is 'n **swerm** voëls.
'n Aantal voetbalspelers wat saam speel, is 'n **span.**
'n Klomp wasgoed saam opgerol, is 'n **bondel** wasgoed.
Baie rowers is 'n **bende** rowers.
Tee, koffie, sterk drank, ens. is **drinkgoed.**
Motors, karre, ens. is **rytuie, voertuie** of **vervoermiddels.**
Whiskey, brandewyn, wyn, water, ens. is **drank.**
Botter, melk, kaas, ens. is **suiwelprodukte.**
Skottels, glase, borde, ens. is **breekgoed.**
Hout, steenkool, takkies, ens. is **vuurmaakgoed** of **brandstowwe.**
Sofas, tafels, stoele, ens. is **meubels** of **huisraad.**
Speserye, meel, rosyne, ens. is **kruideniersware.**
Hoenders, ganse, eende, ens. is **pluimvee.**
Skape, bokke, ens. is **kleinvee.**
Perde, muile, beeste, ens. is **grootvee.**
Duikers, springbokke, ribbokke, ens. is **kleinwild.**
Leeus, buffels, olifante, ens. is **grootwild.**
Lepels, messe, vurke, ens. is **tafelgereekskap** of **messeware.**
Lakens, komberse, kussingslope, ens. is **beddegoed.**
Dinamiet, kruit, ens. is **springstowwe.**
Vloerplanke, sinkplate, deure, ens. is **boustowwe.**
Rubber, koper, velle, wol, ens. is **grondstowwe.**
Grawe, pikke, vurke, ens. is **tuingereedskap.**

# KLANKSKILDERENDE WOORDE

## (a) Dieregeluide

'n akkedis **piep**
'n beer **brom; grom**
'n bobbejaan **blaf; koggel**
'n bosbok **blaf**
'n bul **brul; bulk**
'n by **gons; zoem**
'n duif **koer**
'n eend **kwaak**
'n esel **balk; hinnik**
'n fisant **skree**
'n gans **gaggel**
'n gibbon **sing**
'n gurnard-vis **knor; kwaak; snork; brom**
'n haan **kraai**
'n hen **kekkel**
'n hiëna **huil**
'n hond **blaf; tjank; knor**
'n jakkals **tjank**
'n kalkoen **koel-koel**
'n kangaroe **hoes**
'n kat **miau**
'n katvis **blaas**
'n korhaan **skree**
'n kriek **kriek**
'n krokodil **brom**
'n kuiken **piep**
'n leeu **brul**
'n makou **blaas**
'n muis **piep**
ouwêreldse ape **babbel; blaf; huil**
'n padda **kwak** of **kwaak**
'n patrys **skree**
'n perd **runnik**
'n ratel **snuif**
'n renoster **snork; brom; grom**
'n renostertjie **piep**
'n ribbok **fluit**
'n rob **knor; blaf**
'n skaap **blêr**
'n slang **sis**
'n sonbesie **sing**
'n uil **steun**
'n vark **snork**
'n vink **kwetter**
'n voëltjie **sing; kweel; fluit; tierelier; kwinkeleer**
'n voltruis **brom**
'n wolf **huil**

## (b) Natuur- en ander klankskilderende geluide

Blare **ritsel** in die wind
Branders **bruis, donder** op die strand
Donder **rommel**
Die dwarshout **klop** op die disselboom
'n Geweerskoot **knal**
Hael **kletter** op die dak
Koeëls **gons** by jou verby
Kanonne **bulder**
'n Ketting **rinkel** of **rammel**
Met geldstukke **rammel**
Sy maag **rammel** van die honger
Die **geratel** van koppies
Die **getingel** of **geklingel** van 'n klokkie
'n Mens **roggel** as jy doodgaan
Glase **klink**
'n Oorlosie **tik-tak**
'n Pen **knars** oor die papier
Die reën **suis**
Riete **ruis** in die wind
'n Stroompie **murmel**
'n Sweep **klap**
Die see **ruis**
Tande **klap**
'n Vuurtjie **knetter**
Wind **ruis; huil; loei**
'n Wa **klop; kraak**
Water **bruis**
Water **kabbel** teen die dam se wal
'n Weerligslag **klap**
Golwe **klots** teen die rotse

# VASTE UITDRUKKINGS

(**Let wel:** nie streng alfabeties nie)

## A.

agterdog **koester**
'n amp **beklee**
akkoord **gaan**
awery **oploop**
'n aanbod **weier; oorweeg; aanneem; maak; verwerp**
aangifte **doen** van
'n argument **weerlê; ophaal**
apologie **maak; aanteken**
die aftog **blaas**
appèl **aanteken**
aanspraak **maak** op
'n akkoord **aangaan** of **tref**
amok **maak**
aksie **instel**
applous **uitlok**
audiënsie **verleen**
aanstalte(s) **maak**
afbreuk **doen** aan
'n aansoek **doen, oorweeg, van die hand wys; aanneem**
agting **bewys**
aanvraag **vermeerder; verminder**
argwaan **koester**
'n appeltjie **skil** met iemand
aandag **vestig** op; **bestee** aan; **bepaal** by
amnestie **skenk; verleen**

## B.

'n bewering **doen**
boeke **inlewer; bespreek** of **rensenseer; in die ban** doen
bedanking **indien; aanneem**
belastings **in; hef; betaal**
'n bohaai **maak**
'n blom **maak**
bokhorings **maak**
'n bestaan **vind**
byval **vind**
'n brief **opstel; beantwoord**
belydenis **doen**
'n boete **oplê**
in bruikleen **afstaan**
sy beklag **doen**
'n bus **haal**
'n boordjie **omsit**
'n berig **ontvang**
'n begroting **indien**
belangstelling **wek**
'n beroep **doen** op iemand
'n boedel **beredder**
'n brand **stig; blus**
'n beroep **uitoefen**
'n besoek **bring; aflê**
besware **opper**
borg **staan**
'n bestelling **uitvoer; plaas; maak; kanselleer**
bedrog **pleeg**
beslag **lê** op iets
'n beleid **neerlê; goedkeur; volg**
'n belofte **maak; nakom**
as bemiddelaar **optree**
bewys **lewer**
die bal **misslaan**
baat **vind** by
'n bevel **uitvoer; gee**
die beker **drink; ledig**
belange **behartig; bevorder**
beginsels **prysgee**
'n bondgenootskap **sluit**
blaam **verdien**
bokerf **trek**

## D.

'n daad **verrig**
disnis **loop**
dors **les**
die draak **steek**
donder **rommel**
'n deurtog **baan**
'n drang **voel; weerstaan**
'n dag **bepaal; vasstel**
die doodstraf **voltrek; oplê**
die diepte **peil**
dank **betuig; verskuldig wees**
'n dokument **opstel; onderteken**
sy doel **bereik**; 'n doel **beoog**
debat **voer; inlei**
'n deputasie **afvaardig**
die deurslag **gee** aan
diefstal **pleeg**
'n diens **bewys**; die diens **waarneem**
die datum **bepaal**
die deurslag **gee**

## E.

'n eis **instel; oorweeg; van die hand wys**
'n eed **aflê**
die eindpaal **nader**
in ellende **dompel**
ellende **heers**
die evangelie **verkondig**
'n erfporsie **nalaat**
eerbied **betoon**
'n eksamen **aflê; afneem; doen; vir 'n eksamen slaag** of **druip**

## F.

'n fees **vier**
'n fout **begaan**
feite aan die vergetelheid **ontruk**
finaliteit **bereik**
'n flater **begaan**

## G.

'n graad **behaal**
'n gewoonte **aankweek; afleer**
gehoor **verleen**
gebooie **afkondig**
'n gelofte **doen**
gebrek **ly**
'n gebed **doen**
'n graf **delf**
'n grief **lug; hê; koester**
'n geskil **besleg**
geld **verduister; verdonkermaan; invorder; belê; verdien; skuld**
die geleentheid **te baat neem**
sy goedkeuring **wegdra**
'n gedenkteken **oprig**
gemeenskap **hou; soek**
goedkeuring **wegdra**
die geleentheid **aangryp; te baat neem**
'n gesprek **voer; aanknoop**
'n gebou **optrek; sloop**
getuienis **aflê**
die grens **oorskry**
'n guns **bewys**
die gelag **betaal**
sy gemoed **lug**
genot **verskaf; smaak**
geduld **beoefen**
die gevolge **dra**
'n geheim **oplos; verklap**
gesag **laat geld**
'n gebod **oortree; gehoorsaam**

## H.

hulde **betoon**
'n heldedaad **verrig**
hulp **verleen**
honger **stil**
halt **roep**
'n huis **optrek**
hoofbrekens **besorg**
'n hoogtepunt **bereik**
heerskappy **voer**
hoogty **vier**
die hof **maak**
haat **dra**
'n heildronk **instel**
harmonie **verstoor**
hoop **koester; verydel**
die hoof **bied**
'n huwelik **bevestig**
sy handelwyse **afkeur; goedkeur; regverdig; veroordeel**

## I.

ideale **koester**
invloed **uitoefen**
inligting **inwen; verskaf**
indruk **maak; wek**

## K.

klagte **indien**
kort mette **maak**
sy kans **verkyk**
die kroon **span**
koue **vat**
'n kleim **indien**
kaf **praat; verkoop**
kritiek **uitoefen; uitlok**
jou konsensie **kwel** jou
iemand 'n knop **steek**
kiet **wees** met iemand
katoen **kweek**
kragte **meet; verspil**
'n kans **waarneem; bederf; laat verbygaan**
kwaad **stook**
sy karakter **beklad**
'n kontrak **aangaan; sluit; breek**
sy kop **stamp**
'n kursus **volg**
karaktertrekke **openbaar**
die kluts **kwytraak**
koers **vat; kry**
kleingeld **maak** van iemand
kattekwaad **aanvang** of **aanrig**
die kreeftegang **gaan**
korrel **vat; hou**
'n knou **kry; weghê**
'n kolonie **stig**
kaf **praat; verkoop**
'n kapsie **maak**
die kontras **aantoon**
die koop **sluit**
sy koste **dek**
'n kamer **lug; ontsmet**
kaarte **skommel**

## L.

'n las **dra**
lug **gee** aan
'n lys **opstel**
'n leer **verkondig**
'n lyk **balsem; ontleed**
liefde **koester**
die lakens **uitdeel**
sy lot **betreur**
'n lig **aanslaan; afslaan**
luister **verleen** aan
'n leemte **aanvul**
jou luste **botvier**
die lendene **omgord**
leed **aandoen**
die loef **afsteek**
lof **toeswaai; verdien**
lont **ruik**
'n leër **op die been bring; verslaan**

## M.

moed **skep**
moeite **doen;** (hom . . .) **getroos**
moles **maak**
melding **maak** van
jou mond **verbrand; verbypraat**
medelye **betoon**
'n moeilikheid **oplos; die hoof bied**
'n misdadiger **betrap**
die mening **toegedaan wees**
munt **slaan** uit iets
'n moord **pleeg**
middele **aanwend**
'n myn **ontgin**
'n misverstand **voorkom; skep**
'n mylpaal **behaal**
'n misdaad **begaan**
'n misstap **begaan**

## N.

'n naam **beklad** of **besoedel**
'n nederlaag **ly**
die notule **goedkeur; hou; afkeur; voorlees**
navraag **doen**
naywer **verwek**
noustrop **trek**
nuus **oordra**
notisie **neem** van
nagmaal **hou; vier; gebruik**
'n nekslag **gee; toedien**
die nagedagtenis **eer**

## O.

ontslae **raak** van
ontbyt **nuttig**
oorhoop **lê** met iemand
'n opskudding **verwek**
'n ooreenkoms **tref; aangaan**
'n oorwinning **behaal**
'n opinie **uit; waag; uitspreek**
die omvang **bepaal**
ondersoek **instel**
onenigheid **skep; teweegbring**
die onheil **dreig**
onreg **aandoen**
onskuld **bewys**
'n opstand **demp**
opsien **baar**
ontsag **hê; koester; inboesem**
die oorhand **kry**
'n oproer **demp**
oorlog **voer; verklaar**
oorspronklikheid **aan die dag lê**
opdrag **gee** aan
ontslag **neem; kry**
onderhandelings **aanknoop**
die onderskeid **aantoon**
die onderspit **delf**
ongemak **uitstaan**
onkunde **openbaar**
'n oordeel **vel**
opsig **hê** oor
oorleg **pleeg** met
onraad **merk**

## P.

'n punt **aandik**
die palm **wegdra**
'n plan **beraam; verydel**
'n pennestryd **voer**
plagiaat **pleeg**
pligte **nakom; versuim**
'n pleidooi **lewer**
'n poging **aanwend**
plesier **verskaf**
'n petisie **indien; opstel**
die peil **behaal**
die parlement **verdaag; byeenroep**
'n pennestryd **voer**
punte **behaal**
profyt **trek** uit iets
'n proklamasie **uitvaardig**
prulwerk **lewer**
pryse **styg; daal; skommel**
'n probleem **oplos**
'n program **opstel**
prokurasie **gee; verleen**
protes **aanteken**
sy eie potjie **krap**
'n poets **bak**

## R.

roem **verwerf**
rusie **maak**
die revue **passeer**
'n rapport **indien**
reklame **maak**
rekenskap **gee** van
refleksie **werp** op iemand
reëlings **tref**
'n rigting **inslaan**
sy roeping **mis**
rou **bedryf** oor
'n rol **speel**
ruggespraak **hou** met iemand
'n reis **onderneem; aflê**
repliek **lewer**
regte **handhaaf**
'n rekening **vereffen**
'n referaat **lewer**
'n raaisel **oplos**
'n rit **onderneem; aflê**
rykdom **vergaar**

## S.

sonde **bieg**
sorg **baar; bestee** aan iets
'n storie **versin**
hom stiekem **hou**
'n saak **uitlê**
smokkelhandel **dryf**
'n slag **slaan; lewer**
skelmstreke **uithaal**
skade **aanrig; berokken; vergoed; ly**
selfsug **openbaar**
sukses **behaal**
'n stelling **verdedig**
straf **toedien; oplê**
die slotsom **bereik**
skyn **bedrieg; die skyn** red
die septer **swaai**
skoor **soek**
spoed **behaal**
skoonskip **maak**
'n swak **hê** vir iets
'n saak **skik; bepleit**
skipbreuk **ly**
skatte **vergader**
simpatie **betoon; bewys**
'n sarsie **maak**
die Sabbat **heilig; onteer**
'n sug **slaak**
'n stryd **voer; aanknoop**
'n storm **woed; bedaar**
samesprekings **op tou sit; voer**
skikkinge **tref**
die spat **neem**
sorg **bestee** aan iets; **dra**
selfmoord **pleeg**
die seën **uitspreek**
'n Stilte **heers**
sy stem **verhef**
'n standpunt **inneem; handhaaf**
die spoor **byster wees**
met spek **skiet**
spoor **sny;** die spoor **byster raak; volg**
die ou sleur **volg**
jou smoel **hou**
die seël **druk** op iets
stoornis **verwek**
die stilswye **bewaar**
stappe **doen**
'n standbeeld **onthul; oprig**
'n stad **verower; aanlê**
die spit **afbyt**
stoornis **veroorsaak; wek**
die spot **dryf** met

## T.

'n tog **aanvaar; onderneem**
'n trem **haal**
sy toorn **ontbrand**
tradisies **handhaaf**
'n toneel **opvoer**
'n twis **besleg**
sy toevlug **neem** tot
teenstand **bied** aan
teësin **kry** in
'n toespraak **hou**
die terugtog **aanvaar**
die toppunt **bereik**
trane **stort**
die tyd **bepaal**

die tyding **meedeel; bring**
tweespalk **heers**
'n taak **aanvaar; volbring; verrig; bemoeilik; verlig**
die toon **aangee**

U.

'n ui **tap**
uitleg **gee** van
uitslae (van eksamen) **verskyn**
uiting **gee** aan

V.

'n verkoue **kry; opdoen**
vrugte **kweek**
die voelhorings **uitsteek**
vrees **inboesem**
vernuf **openbaar; aan die dag lê**
die verskil **aantoon**
'n vaandel **wapper**
vrede **sluit**
verantwoording **doen**
vasberadenheid **aan die dag lê**
'n valstrik **span**
sy verdriet **lenig**
'n verdrag **sluit**
verslag **lewer**
'n versoek **doen; rig tot; weier; toestaan**
'n versoeking **weerstaan**
vertroue **stel** in; **inboesem; verloor; verbeur**
'n vlag **hys; stryk**
vlyt **openbaar**
die voldoening **smaak**
'n vergadering **belê; verdaag**
vergifnis **skenk; smeek**
verraad **pleeg**
vyeblare **soek**
'n vraagstuk **oplos**
die voortou **neem**
'n voorraad **bestel**
voordeel **trek** uit
volmag **skenk; verleen**
voet by stuk **hou**
'n vergelyk **tref**
'n volkstelling **hou**
verseil **raak**
verset **toon**
'n vesting **verdedig; ontruim**
sy vaart **stuit**
verbeterings **aanbring**
vandalisme **pleeg**
'n vyand **verslaan; omsingel**
veglus **openbaar**
venyn **braak**
'n verbintenis **aangaan**
'n verbond **sluit**
'n volksplanting **stig**
'n vriendskap **bewys**
'n vuur **blus; aansteek**
vrees **inboesem**
sy verskyning **maak**
verwagtings **koester**
verwarring **veroorsaak**
vlerk **sleep** by iemand
voedsel **verskaf**
'n vereniging **stig; in die lewe roep**
vergelykings **tref**
verlies **ly**
by verstek **oordeel**
die vierskaar **span**
voorwaardes **stel**
'n voorstel **doen; indien; bespreek; aanneem; verwerp**
'n vonnis **vel; voltrek; opskort**
'n visite **maak**
die voortou **neem**

W.

weerstand **bied**
die wysheid **in pag hê**
'n wandeling **doen**
wraak **neem**
witvoetjie **soek**
wetgewing **indien**
die wens **uitspreek**
'n wending **neem**
'n weddenskap **aangaan**
waarde **heg** aan iets
werk **staak; verrig; voltooi**
die woord **voer**
'n wetsontwerp **indien**
'n wet **ontwerp; herroep; oortree**
'n weg **baan;** die weg **versper**
wanorde **stig; heers**
weerklank **vind**